

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 April 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 51:5, 8 (p. 261)

- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.
- 8 Gebroke hart en gans verslae gees – / dit is u offers, HEER! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere, / kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind, / en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind, / brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 10 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

Gebed

Skrifberyming 8-2:1, 2, 3 (13:1, 2, 3)

- 1 Toe kom daar haastig 'n geluid / wat aanblaas uit die hemel uit:
'n rukwind wat met stormgedruis / daarheen vaar, vul die ganse huis
- 2 Hul sien – dit was 'n wonderuur – / verdeelde tonge soos van vuur,
deurgloeid en wonderbaar deurstraal, / wat glansend op hul hoof kom daal.
- 3 Toe was dit, op die dag van fees, / dat hul vervul is met die Gees.
In loftaal het hul uitbreek / net soos die Gees dit uit laat spreek.

Skriflesing: Handeling 2:14-42; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 11

Kernvers: Handeling 2:37-38

**Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die
ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?**

**En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop
word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en
julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**

(Handeling 2:37-38 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 11

*Verder: Wanneer God sy welbehag in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware
bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy
verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees om die dinge van die Gees
van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde*

Gees wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

'n Verduideliking by artikel 11

In artikel 10 bely ons hoe God sy uitverkorenes – wat net so verlore is soos alle ander mense – tot bekering en geloof bring. God het die uitverkorenes van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. In die tyd roep Hy hulle kragdadig en skenk hulle geloof en bekering. Met ander woorde, Hy het hulle uit die ryk van die duisternis verlos en oorgebring in die ryk van sy Seun. Dit is 'n baie bondige beskrywing van die bekering wat God in die uitverkorenes bewerk.

In artikel 11 bely ons verder in meer detail wat God deur die Heilige Gees met die Woord binne-in die mens uitrig wanneer Hy die mens tot bekering en geloof bring. Hy laat die evangelie uiterlik aan hulle verkondig – Hy stuur verkondigers wat die evangelie verkondig waarin hulle die Here hoor roep. Die Heilige Gees verlig hulle verstand kragtig, sodat hulle die stem van God in die evangelie herken en verstaan dat Hy hulle na Hom toe roep.

Afgesien van die uiterlike dinge wat God doen met die mens, dring Hy deur die kragtige werking van die Heilige Gees deur tot in die binneste dele van die mens. In die binneste dele van mens:

- open Hy die geslote hart;
- versag Hy wat hard is; en
- besny Hy wat onbesnede is.

En wat die wil van die mens betref, daarin stort Hy nuwe eienskappe. Hierdie nuwe eienskappe wat Hy in die wil van die mens instort, maak die wil:

- wat dood was, lewend;
- wat sleg was, goed;
- wat onwillig was, gewillig; en
- wat ongehoorsaam was, gehoorsaam.

In kort kom dit daarop neer dat Hy die wil beweeg en versterk sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

Tema: Hoe die Heilige Gees bekering en geloof bewerk

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer iemand tot bekering en geloof in Jesus Christus kom, sien ons net die uiterlike handeling wat gebeur. Ons sien hoe iemand in 'n byeenkoms is waar die evangelie van Jesus Christus aan hom saam met al die ander mense verkondig word. Na afloop van die verkondiging verneem ons dat die mens sy lewe totaal omgekeer het. In plaas daarvan dat hy hom oorgee aan die sonde sê hy self hoe sleg en verkeerd die sonde is. En hy is uitgesproke oor Jesus Christus in wie hy nou glo as sy Verlosser en Saligmaker.

Omdat ons net die uiterlike handeling raaksien, kan 'n mens die afleiding maak dat hierdie mens self – uit sy eie – 'n keuse vir Jesus gemaak het. Hy het 'n wilsbesluit geneem om sy lewe geheel en al om te keer en Jesus te volg omdat hy nou in Hom glo. Afgesien van al die ander drogredenasies wat die dwaalleraars van die sestiende eeu gehad het oor

die mens na die sondeval, lyk dit asof hierdie uiterlike handeling hulle in hulle dwaling gehelp het. Op grond van die uiterlike handeling wat ons mense kan sien, het hulle die afleiding gemaak dat die mens self vir die Here kies en self tot bekering kom. En hulle het hulle afleiding met Skrifgedeeltes probeer regverdig.

Broers, susters en kinders, dit is inderdaad so dat God verkondigers van die evangelie van Jesus Christus stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Die verkondigers verkondig dan die evangelie van Christus in gehoorsaamheid aan God aan die mense na wie hulle gestuur is.

Op Pinksterdag het God dit so 'n bietjie anders beskik. Die verkondigers was nie gestuur nie, want hulle het nog nie die Heilige Gees ontvang nie. Gehoorsaam aan die Here Jesus het hulle vir tien dae lank in Jerusalem op die uitstorting van die Heilige Gees gewag. Op daardie Sondag was al die honderd en twintig gelowiges bymekaar, waarskynlik in die bovertrek waar hulle gewoonlik bymekaargekom het (Hand 1:13). Met die uitstorting van die Heilige Gees was daar drie tekens sigbaar en hoorbaar. Die eerste teken was die geluid uit die hemel uit soos van 'n geweldige stormwind. Die ander teken was tonge soos van vuur wat verdeel het en op elkeen van die gelowiges gekom het. En die derde teken was die praat in verskillende tale soos wat die Heilige Gees dit aan hulle gegee het.

Die mense wat buite in die straat was – godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son – het die geluid soos van 'n geweldige stormwind gehoor. Dit het veroorsaak dat hulle almal op die straat saamgedrom het. Met hierdie geluid het God die mense bymekaar-gebring. In daardie stadium het die gelowiges uit die vertrek waarin hulle was gekom en in die verskillende tale gepraat oor die groot dinge wat God gedoen het. Toe die skare hoor hoe die Galileërs in hulle elkeen se moedertaal praat van die groot dinge wat God gedoen het, was hulle verbaas. Hulle het gevra wat dan aan die gang was. Soos gewoonlik was daar ook mense wat gespot het met wat gebeur het.

Gelei deur die Heilige Gees het Petrus toe saam met die ander elf apostels met die mense wat God daar saamgebring het in die straat van Jerusalem begin praat. Hy het vanuit die profesie in Joël 2 eers aan die mense verduidelik wat aan die gang was. God het sy Heilige Gees op die honderd en twintig gelowiges uitgestort, soos wat Jesus belowe het sal gebeur.

Na hierdie verduideliking het hy met die preek op Pinksterdag begin. Uiterlik het hy die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig. Hy preek oor die dinge wat hulle Jesus gesien doen het. En dan gaan hy dadelik oor na die grusame dood wat Jesus aan die kruis gesterf het. Dit is die dood wat God die Vader vir sy Seun Christus voorbeskik het. Maar die Jode wat daar saamgedrom het in die straat het 'n leeuendeel in hierdie dood van Jesus gehad. Hulle het Hom deur die hande van goddelose mense gevange geneem, gekruisig en om die lewe gebring. Onder leiding van die Heilige Gees lê Petrus die Jode se sonde aangaande Jesus se dood aan hulle bloot.

Petrus talm nie by die dood van Jesus en die skuld van die Jode nie. Die grootste deel van die preek word in beslag geneem met die opstanding van Jesus Christus. Dit is Jesus se opstanding uit die dood wat immers die versekering aan hierdie honderd en twintig gelowiges gegee het dat hulle sondeskuld volledig deur Jesus betaal is aan die kruis.

Dan gaan Petrus verder om van die hemelvaart van Jesus te preek. Die uitstorting van die Heilige Gees op hierdie gelowiges is die bewys dat Jesus nou aan die regterhand van sy Vader in die hemel is. Hy het die Heilige Gees uitgestort soos wat Hy belowe het na sy

hemelvaart sal gebeur. En dan sluit Petrus die preek af – skerp en op die man af:

Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. (Handelinge 2:36 AFR53)

Met hierdie slot maak Petrus helder duidelik wie Jesus regtig is. Hy is Here. Dit wil sê Hy is self God. En Hy is Christus. Hy is die Messias wat God vir eeue lank al aan sy volk be- loof het. En dan slaan hy die spyker dieper in op die sonde van die Jode wat daar vergader het – **julle het vir Jesus gekruisig.**

Toe Petrus die preek so skerp en op die man af afgesluit het, hoor ons die Heilige Gees sê: **Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref.** Die woorde wat ons vertaal met *diep in die hart getref* kan direk vertaal word met *in die hart gestee* of *geprik*.

'n Steek of 'n prik in die hart is baie seer. Om op enige plek op jou lyf geprik te word – soos wanneer 'n doring jou steek – is dit seer en irriterend. Maar as jy in die hart gestee word, is dit nie net seer nie, dit kan jou dood beteken. 'n Mens kan die evangelie soveel keer as wat jy wil aan iemand verkondig, maar jy sal met die uiterlike handeling niks aan daardie mens se hart doen nie.

'n Bietjie verder aan in hierdie geskiedenis van Jesus Christus met sy kerk sien ons juis dit raak. In Handelinge 5 lees van die vervolging wat die apostels moes beleef het aan die hand van die hoëpriester en al sy ondersteuners wat aan die party van die Sadduseërs behoort het. Net so tussen hakies – die Sadduseërs was dié deel van die Joodse Raad wat nie geglo het dat daar 'n opstanding na die dood is nie.

Die tempelwag het vir Petrus en die ander apostels gevange geneem en voor die Joodse Raad gebring. Let nou op, dit is weer Petrus wat die evangelie van Christus verkondig. En as jy die verkondiging voor die Joodse Raad in Handelinge 5:29-32 met hierdie preek op Pinksterdag vergelyk, het Petrus in wese dieselfde verkondig. Hy maak ook melding van Jesus se opwekking uit die dood en sy hemelvaart. En hy sê ook vir die Joodse Raad dat hulle vir Jesus vermoor het deur Hom aan 'n kruis vas te spyker.

Maar anders as met hierdie Jode op Pinksterdag, het die Joodse Raad woedend geword en wou hulle die apostels doodmaak. By hulle het net die uiterlike handeling van die verkondiging plaasgevind. Dit was in wese dieselfde preek en dieselfde prediker, maar die Joodse Raad is nie in die hart gestee nie. Dus was dit nie Petrus wat hierdie skare Jode in die straat van Jerusalem met emosionele woorde opgewee het nie. Dit is die Heilige Gees wat met sy swaard – die Woord van God – in die binneste dele van hierdie Jode ingedring het. Met dié verkondiging het die Heilige Gees hierdie skare in die hart gestee.

Met die Woord het die Heilige Gees die skare Jode se verstand kragtig verlig sodat hulle die geestelike dinge reg kon verstaan. Hulle het besef dat Petrus nie maar net 'n verduide- liking gee van die gebeure op daardie dag of weer vertel wat vyftig dae vantevore in Jerusalem gebeur het nie. Omdat hulle verstand kragtig verlig was, het hulle die roepstem van God gehoor.

Deur hulle ore het die Heilige Gees met die Woord tot in die binneste dele van die mense in te dring. Met die Woord het Hy hulle geslote harte oopgestee. Daardie harte wat vyftig dae vroeër so hard was dat hulle eerder 'n misdadiger in die plek van Jesus gekies het en aanhoudend vir Pilatus geskreeu het om vir Jesus te kruisig, was nou sag.

Wanneer die Heilige Gees so met die Woord in die hart van 'n mens instee, is sy

bedoeling nie om die mens dood te maak nie maar om die sondige geardheid binne-in die mens se hart uit te sny. Met die Woord besny Hy die hart van die mens sodat die mens self sy eie sonde kan raaksien vir wat dit is. Dit was nie maar net massahisterie wat in Jerusalem voor Pilatus se paleis geheers het nie. Hulle wat nou saamgedrom staan in die straat van Jerusalem het Jesus oorgegee in die hande van die heidene om Hom te kruisig. Dit is net die Heilige Gees wat die mens kan oortuig van sy sonde.

En in hulle wil wat dood, sleg, onwillig en ongehoorsaam was, het die Heilige Gees nuwe eienskappe ingestort. Hulle wil het lewend, goed, gewillig en gehoorsaam geword. Ons hoor hierdie radikale verandering wat die Heilige Gees aangebring het in hulle eerste woorde: **Wat moet ons doen, broeders?**

Anders as voorheen het hulle hulleself nie met ander mense vergelyk nie. Dit is mos wat ons mense graag doen. Ons vergelyk onself met moordenaars, egbrekers, hoereerders en kindermolesteerders. Dan maak ons die gevolgtrekking dat ons redelik goeie mense is. Die Heilige Gees het hulle nie voor ander mense te staan gebring nie maar voor die volmaakte, heilige Woord van God. En hulle het besef dat hulle teen die heilige, regverdige God oortree het. Hulle het sy Seun gekruisig en hulle weet watter oordeel wag op hulle. Daarom vra hulle dringend: **Wat moet ons doen, broeders?**

Noudat die Heilige Gees die wedergeboorte in hierdie mense se harte bewerk het, kan Petrus vir hulle sê wat hulle moet doen. Hulle moet hulle bekeer. Om jouself te bekeer beteken nie dat jy maar 'n koersverandering in jou lewe aanbring nie. Bekering is 'n totale omkeer. Dit gebeur in navolging van wat die Heilige Gees met die wedergeboorte in jou hart gedoen het. Wanneer 'n mens homself bekeer, draai hy in sy spore om, want waar sy hart vroeër op die duiwel gerig was, het die Heilige Gees nou sy hart op God gerig. Sy lewenstyl wat vroeër vir hom normaal was, is nou vir hom so afskuwelik dat hy daarvan af wil wegkom.

So 'n omdraai loop daarop uit dat die mens dan die Here gehoorsaam, want die Heilige Gees het sy wil verander. Deel van hierdie skare Jode se gehoorsaamheid aan Jesus Christus is dat hulle nou gedoop gaan word. Vir ons wat in Christelike huise grootgeword het en van kleins af in die kerk van die Here is, is doop iets normaal. Vir hierdie Jode was dit 'n hele kopskuif wat gemaak moes word. Hulle het doop geken, maar dit is heidene wat gedoop word wanneer hulle die Joodse geloof aangeneem het. Met hulle doop het hulle dan uiterlik getoon dat hulle die sondes van hulle laat afwas. Die Jode het hulleself nie beskou as sondaars nie, want hulle is dan die uitverkore nageslag van Abraham.

Hierdie skare Jode het besef dat hulle nie outomaties die koninkryk van God kan kry omdat hulle die nageslag van Abraham is nie. Hulle is sondaars, want hulle het Jesus gekruisig. In gehoorsaamheid aan Christus moet hulle dan ook gedoop word. Daarmee vereenselwig hulle hulleself met Jesus Christus en bely hulle dat hulle sondaars is wat slegs deur die bloed en die Gees van Christus van hulle sondes gereinig kan word. Hierdie mense se wil is deur die Heilige Gees met die Woord beweeg en met die nuwe eienskappe versterk sodat hulle vrugte van goeie werke kan dra.

Geliefdes, alhoewel die Heilige Gees net een maal die wedergeboorte by 'n mens bewerk, werk Hy nie net een maal in die binneste dele van die mens nie. Vir so lank as wat ons op hierdie aarde is, dring Hy al dieper in ons in sodat Hy ons heeltemal heilig kan maak anders kan 'n mens nie in die koninkryk van God kom nie. Die Heilige Gees bewerk die daaglikse bekering wat in ons moet plaasvind. Daarom bid gelowiges: Here, bekeer U ons sodat ons onself kan bekeer.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein.”
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.
- 2 “’k gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 April 2016